# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Paastyd 2025

**Johannes 20:11-18**
**Opstandingsondag** **20 April**

## Inleiding

Sondag het ons vanuit die perspektief van 'n nuwe skepping oor die opstanding gedink. In hierdie gedeelte gee Johannes weer 'n verwysing daarna deur te herroep dat Maria eers gedink het Jesus is die tuinier... Dit herinner aan God wat die Tuin van Eden vir die mens aangelê het in Genesis 2:8! God is dus besig om nou opnuut 'n nuwe skepping en nuwe lewe vir die mensdom voor te berei waarvan Jesus se kruisiging en opstanding die fondasie en beginpunt is!

## Bespreking

- Alhoewel die nuwe Skepping reeds deur Jesus begin is, leef ons liggaamlik nog steeds in die ou Skepping tot Hy uiteindelik weer sal kom om alles nuut te maak. Op watter maniere deel ons tog nou reeds in die nuwe Skepping wat Jesus begin het?
- Op watter maniere moet ons nou nog rekening hou met die feit dat die hele Skepping en ons eie liggame nog nie nuut gemaak is nie?

Maria Magdalena was die vrou uit wie Jesus 7 bose geeste verdryf het. (Sien Lukas 8:2) Van toe af het sy saam met Jesus gereis en haar hele lewe vir Hom geleef. Ons kan net dink hoe lief sy vir Hom was. Sy was, saam met Jesus se ma en 'n paar

ander vroue, die eerste wat uitgegaan het om aan Hom as gekruisigde eer te betoon. Sy was diep ontsteld om die graf oop en leeg te vind, want sy het eers gedink iemand met slegte bedoelings het miskien sy liggaam verwyder sodat sy nie aan Hom eer kon betoon nie.

Kan julle dink wat moes deur haar gemoed gaan die oomblik toe sy besef dat dit eintlik Jesus is wat met haar praat en dat Hy lewe! Ons kan net indink dat sy hom sou wou gryp en vasdruk uit vreugde. En miskien sou sy dink 'Ek sal jou nooit weer los nie!' Tog sê Jesus dadelik vir haar "Moenie my langer vashou nie…" (Vers 17)

- Waarom dink jy vra Jesus dit vir haar?
- Wat sê Jesus moet sy eerder doen?
- Hoe reageer Maria hierop?

Jesus se aksies en woorde maak dit duidelik: Alhoewel Hy liggaamlik opgestaan het, sal haar verhouding met Hom nie meer aan sy liggaamlike teenwoordigheid gebind wees nie. Nee, sy het gedink Hy is weg, toe is Hy al die tyd by haar! En van die ander dissipels sal nog dieselfde soort ervarings hê voor sy hemelvaart…

Maria het verstaan - hierdie nuwe werklikheid roep haar om nie meer aan sy liggaam vas te klou nie, maar te gaan vertel! En sy gaan doen dit!
Hierdie woorde van Jesus laat my ook wonder wat dit vir ons beteken Dit is mos maar menslik om te wil vasklou. Vasklou aan mense, geliefdes ens. Ons neem baie swaar afskeid.

# Paastyd 2025

Van ons het geliefdes aan die dood afgestaan en ons kan identifiseer met Maria wat in daardie oomblik vir Jesus wou vasgryp. Soms klou ons ook aan plekke of dinge soos ou bekende goed of ou maniere van doen. Soms klou ons so hard, dat ons nie vorentoe kan beweeg nie en dan sukkel om te deel in die nuwe lewe wat God gee.

- Waaraan of aan wie klou jy miskien vas?
- Hoekom dink jy is dit miskien belangrik om te kan laat gaan?
- Hoe doen ’n mens dit en hoe kan hierdie gedeelte jou help?

In hierdie gebeure weergalm Jesus se woorde van Johannes 16:20: *julle sal hartseer wees, maar julle hartseer sal in blydskap verander*. Ja, op daardie dag en oomblik het alles waar geword wat Jesus in Matteus 5:3-12 geleer het. Lees gerus Matteus 5:3-12 en gesels oor die maniere waarop die opstanding hierdie verse tot vervulling bring.

## Kinders

Praat met die kinders oor ’n verrassing. Dis iets wat wat onverwags gebeur! Soms kan jou laat skrik. Maar die beste soort verrassing is ’n goeie een, soos as iemand vir wie jy baie lief is en wat jy baie lanklaas gesien het onverwags kom kuier! Die grootste verrassing ooit het daardie dag met Maria Magdalena gebeur toe sy besef dat Jesus lewe en met haar praat! Deel van hierdie onverwagse verrassing is die goeie nuus dat:

- Dat ons nie meer bang hoef te wees vir die dood en alles wat sleg is nie, want Jesus het opgestaan en die dood oorwin!
- Daarom kan ons nou vreugde en hoop hê!
- Daarom kan ons ook sonder vrees aan God gehoorsaam wees, want ons sonde is vergewe en die Here is altyd by ons!